Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 24: *Vayikra* (ויקרא) – Hy het Geroep

יהוה *het Moshe geroep en met hom gepraat vanaf die Tent van Ontmoeting en gesê.....* Lev. 1:1 – PWL[1]

Torah: Lev. 1:1 tot 6:7 (Afrikaanse Ou Vertaling[2])

Haftorah: Jes. 43:21 tot 44:23

Hernieude Verbond: Mark. 7:1 tot 30; Rom. 8:1 tot 13; Heb. 9:11 tot 28; 10:1 tot 22; 13:10 tot 16

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 24 wat afgelaai kan word by: Parashah24Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

We cannot organize revival, but we can set our sails to catch the wind from Heaven when God chooses to blow upon His people once again – G. Campbell Morgan.

Satan is only satisfied when he makes darkness looks like light – Anonymous.

In order to understand the truth, you have to expose those things that are not true. What's left is then the facts – Joseph Dumond.

The kind of deception Satan loves best is the one that looks as close to the truth as possible – Norman Willis.

My seun, moenie My wet vergeet nie, maar laat jou verstand, wil en emosie My opdragte bewaar, want dit sal lengte van dae en lang lewe vir jou byvoeg en liefde, goedheid en waarheid sal jou nie verlaat nie; bind dit om jou nek, skryf dit op die tafels van jou verstand, wil en emosie, dan sal jy onverdiende guns vind en insig in die oë van God en die mense. Spr. 3:1 tot 4 – PWL

Midrash (Torah Bespreking)

Aan die einde van Exodus (*Sh'mot*) het ons gelees dat die tabernakel voltooi was volgens die onderrig en instruksies van YHVH.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch
[2] Volgens sommige vertalings, soos byvoorbeeld in die *Complete Jewish Bible* is Lev. 6:1 tot 7 deel van hoofstuk vyf van Levitikus.

So het Moshe dan die werk voltooi en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die tent gevul. Ex. 40:33 en 34 – PWL.

Nou moet die onderrig en instruksies aangaande die dienswerk in die tabernakel begin!! Die begin van ‘n leefwyse as YHVH se koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde (heilige) volk (Ex. 19:5). Die priesters moes onderrig ontvang (opgelei word) hoe om hulle dienswerk in die tabernakel te verrig, terwyl die volk onderrig moes word hoe die tabernakel, die priesters en die offerandes ‘n hulpmiddel is om in die regte verhouding met YHVH, hulle God en Vader, te kan leef. So word ons ook daaraan herinner dat ons ‘n koninklike prietserdom is!

Julle is ’n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ’n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10 – PWL.

Hersiening

Maar met die aanvang van ons studie van die derde boek van die Torah, naamlik Levitikus, is dit goed om net weer ‘n bondige oorsig van die eerste twee boeke van Torah te gee. Dit sal ons help om ‘n verkorte geheelprentjie van YHVH se onderrig en instruksies tot op hede te kry.

Genesis (*Bereisheet*) is die eerste van die vyf boeke van Moses en het te doen met *in die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van ‘n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van YHVH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was.

- Hierdie begin is ook die uitkies van ‘n volk volgens YHVH se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer. Dit is die geskiedenis van ons vaders Abraham, Isak en Jakob.

- In Genesis is die ‘saad’ van die volk van Israel geplant. In Exodus het hierdie ‘saad’ ontkiem en gegroei – eers as ‘n klein familie, maar hulle het in Egipte as slawe gegroei het tot ‘n groot nasie! Hierdie is die volk wat YHVH van die Egiptiese slawejuk bevry het.

Exodus (*Shemot*) se sentrale tema is *verlossing* (redding, bevryding). Dit vertel hoe YHVH Sy uitverkore volk – Sy Bruid – red van die slawejuk van Egipte sodat hulle Hom kan dien volgens ‘n verbondsverhouding – die Verbond van die wet (Torah).

- Die grootste deel van hierdie boek word gewy aan die bou van die tabernakel. Ten einde voortdurend in hulle midde te kan woon, en sodat Israel voortdurend YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid kon ondervind, het YHVH hulle beveel om ‘n tabernakel te bou. Hierdie ‘mobiele tempel’ het vir sowat veertig jaar saam met hulle getrek tot hulle uiteindelik in die Beloofde Land, Kanaän, gevestig was.

Ons begin dan hierdie week met die derde boek van Torah, naamlik Levitikus (*Vayikra*) wat opgesom kan word as YHVH se onderrig en instruksies in geregtigheid, naamlik hoe om daagliks te lewe op ‘n wyse sodat YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid voortdurend in ons midde kan woon en ons YHVH se seëninge deelagting kan wees! Levitikus is die

onderrig in heiligmaking – hoe om uitgeroep en afgesonderd vir YHVH as ‘n koninklike priesterdom te lewe in hierdie wêreld!

Maar wanneer ons Torah bestudeer moet ons altyd onthou dat Israel van die Egiptiese slawejuk bevry was deur vertroue (geloof) in die geslagde lam en in die bloed van die lam. Onthou: Abraham was deur geloof gered (Gen. 15:6; Rom. 4:3, 9 en 22) en so ook Israel! En dan, baie belangrik: Redding word altyd opgevolg deur gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Torah. Abraham was as geregverdigde gehoorsaam aan YHVH se onderrig en instruksies (Gen. 26:4 en 5). Dieselfde vereiste was aan Israel gestel toe hulle na hulle redding YHVH se Torah by die berg Sinai ontvang het. As bevry van die slawejuk moes Israel Torah onderhou om in die regte verhouding met YHVH te leef en geseën te word!

Hierdie is YHVH se bloudruk (patroon) wat reeds in die ou verbond gevestig was en in die hernieude verbond steeds van toepassing is, naamlik geloof en gehoorsaamheid! Deur geloof in Yeshua, die Lam van God, is ons gered van die slawejuk van sonde sodat ons, in gehoorsaamheid aan YHVH se Torah, Hom kan dien en geseën kan word!

Met betrekking op die priesters

Die Hebreeuse naam van die derde boek van die Torah is *Vayikra* wat afgelei is van Lev. 1:1 wat lees: *YHVH het Moses geroep*..... Die sewentig Rabbies wat die Tanakh in Grieks vertaal het en wat bekend is as die Septuagint, het egter hierdie boek Levitikus genoem wat beteken: *Met betrekking op (tot) die Leviete (die priesters).* Dit kan ook genoem word: *Die wette met betrekking op die Leviete*. Die naam *Vayikra* is egter meer getrou aan die inhoud van hierdie boek, naamlik die roeping om as YHVH se koninklike priesterdom te leef.

In die boek van Levitikus leer ons dat:

- Vergifnis van sonde is alleenlik deur die onskuldige wat in die plek van die skuldige sterf.

- Vergifnis moet opgevolg word deur gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah).

- Die priesters is die middelaar tussen YHVH en die volk en tussen die volk en YHVH. Hulle was in die diens van YHVH, maar ook in die diens van Israel.

Die tabernakel, priesterorde en offerandes (dienswerk) is die “voltooiing” van YHVH se begeerte om in die midde van Sy volk te woon. Daarom is *vayikra* die onderrig en instruksies hoe hierdie intieme verhouding tussen YHVH en die mens moet funksioneer. Hierdie verhouding is gebaseer op geloof (vertroue) en gehoorsaamheid. Dit wat ons in Gen. 1:1 geleer het van YHVH se begeerte en plan vir ‘n huis, huisgesin en huishouding waar Hy in hulle midde kon woon, het nou in die tabernakel gemanifisteer en was ‘n heenwysing na Yeshua wat onder ons kom tabernakel het (Joh. 1:14) en wat ook ‘n heenwysing is na die Millennium en die nuwe hemel en aarde wanneer YHVH Yeshua vir ewig onder ons sal tabernakel.

Die priesters se taak was om die voorbeeld te wees van hoe om in gehoorsaamheid aan YHVH te leef! Hulle moes leef as ‘n koninklike priesterdom! Hierdie was ‘n leefwyse waar daar voorsiening gemaak was om deur die offerandes nader aan YHVH te beweeg en in die regte verhouding met Hom te leef.

Die oortreding van Torah (die wet) is sonde (1 Joh. 3:4) en is ‘n ‘besoedeling’ wat ‘n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen YHVH en die oortreder van Torah tot gevolg het. Die doel van die offer (*korban*)[3] is om die sondaar te reinig sodat hy weer in YHVH se teenwoordigheid kan staan in ‘n verhouding wat herstel is. Dit is dan die kerndoel van die offerandes, naamlik om nader aan YHVH te beweeg en die verhouding tussen die mens en YHVH te herstel. Levitikus leer ons dus van YHVH se genade van versoening by wyse van die onskuldige wat in die plek van die skuldige sterf.

Tipe Offerandes

Die offerandes, *korban*, kan dus ook gesien word as ‘n vorm van aanbidding waar elkeen die geleentheid kry om sy verbintenis en sy toegwydheid by wyse van ‘n offerande teenoor sy Skepper-God te demonstreer.

In hierdie week se parashah leer ons van vyf baie belangrike offerandes (*korbanote*), naamlik:

Offerande	**Doel en Betekenis**
Brandoffer (*Olah*) *Burnt Offering.* Lev. 1:1-17; 6:8-13; 8:18-21; 16:24	Vrywillig. Versoening vir onopsetlike sonde van verkeerde handeling (optrede) en onrein gedagtes. Offer van toewyding, oorgawe en onderwerping. Ook die daaglikse (oggend en aand) offer. Die eerste en noodsaaklikste stap van nader (opwaarts) beweeg aan YHVH.
Spysoffer (*Minchah*) *Meal/Grain Offering*. Lev. 2:1-16; 6:14-23.	Vrywillig. Nie weens sonde nie, maar dankbaarheid vir YHVH se goedheid en voorsiening. Bereidwilligheid tot gehoorsaamheid en ‘fellowship’. Geen suurdeeg of heuning. Fynmeel, olie en sout – geregtigheid, die Afgesonderde Gees en smaak/preservering. [10% verbrand en 90% deur priesters geëet].
Dankoffer / Lofoffer (*Shlamim/shalam*) Peace Offering. Lev. 3:1 tot 17; 7:11 tot 34.	Vrywillig. Nie weens sonde, maar uit dankbaarheid vir *shalom*, vriendskap, versoening en onderlinge broederskap (*fellowship*).
Sondoffer (*Chatas*) *Sin Offering.* Lev. 4:1 tot 5:13; 6:24-30; 8:14-17; 16:3-22.	Verpligtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde weens nalatigheid (dit was per ongeluk) en onkunde. Ons almal het gesondig. Belydenis is ‘n daad van bevryding en herstel.
Skuldoffer (*Asham*) Trespass / Guilt Offering. Lev. 5:14 tot 6:7; Lev. 7:1-6	Verpligtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde wat restitusie (vergoeding van skade) vereis.

Terwyl dit waar is dat Yeshua die eenmalige offer is wat al die verskillende offerandes vervul het, is dit eweneens waar dat ons nie die ware betekenis daarvan kan verstaan sonder om die betekenis van die verskillende offerandes te verstaan nie.

Diere as offerande was bedoel as ‘n intense konfrontasie met sonde! Die skuldige, naamlik die oortreder van YHVH se Torah (die sondaar) het met berou ‘n dier as offerande gebring.

[3] *Korban* is afkomstig van die grondwoord *karov* wat die volgende beteken: *toenadering, om naby te kom* en *om ‘n verhouding aan te knoop*.

Dan het hy sy hande op die dier se kop gelê en was sodoende gedwing om tot selfkennis te kom van die ‘skade’ wat sonde aangerig het. Hierdie besef het werklikheid geword wanneer die dier se keel afgesny was en op die brandofferaltaar verbrand was. Dit was ‘n baie persoonlike en emosievolle ervaring van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Die offer van diere was bedoel om ‘n weersin in sonde – die oortreding van Torah – te verwek! Daarom is dit te verstane dat deel van die gebede van Judaïsme is om die Vader te vra om hulle te leer en te help om sonde te haat!

Beide die sondoffer en die skuldoffer was verpligtend en beide was vir nie-opsetlike sonde, naamlik oortreding van Torah weens onkunde of weens die swakheid van die vlees. Daar was geen offerande vir opsetlike sonde nie, met ander woorde sonde wat doelbewus gedoen word. Dit herinner ons aan die woorde van die skrywer van die brief aan die Hebreërs:

Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar ‘n verskriklike verwagting van oordeel en ‘n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek YHVH; en weer: YHVH sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God. Heb. 10:26 tot 31.

Mag elkeen wat ore het hierdie woorde hoor en dit ter harte neem! Want elkeen wat willens en wetend ‘n gebod oortree, verhef homself of haarself bokant YHVH en bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie!

Gehoorsaamheid of Offerandes

Soos reeds genoem, is die hooftema in Levitikus heiligmaking (afgesonderdheid) en die sleuteltekse kan beskou word as:

want Ek is יהוה wat julle uit die land van Egipte uitgebring het om julle God te wees. Julle moet daarom afgesonderd wees, omdat Ek afgesonderd is Lev. 11:45 – PWL.

Julle moet afgesonder wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd[9] *en Ek het julle van die volke af afgesonder om Myne te wees.* Lev. 20:26 – PWL.

Om in ons lewenswandel afgesonderd (heilig) te wees, is ook die opdrag van die hernieude verbond:

Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1 Pet. 1:13 tot 16 – PWL.

Heiligheid vereis ‘n vrywillige en vreugdevolle onderdanigheid aan YHVH se Torah, asook om afgesonder en vernuwe (‘opgelei’ en toegerus) te word vir dienswerk.

Daarom handel Levitikus hoofsaaklik oor die verpligtinge van die priesters ten opsigte van veral die hantering van die offerandes, asook die onderrig en instruksies vir ‘n voorspoedige en ordelike samelewing.

Vayikra (Levitikus) kan opgesom word as YHWH wat Sy Bruid roep tot ‘n leefwyse van afgesonderde intimiteit (geestelike gemeenskap; *fellowship*) met Hom deur die offerandes. *Vayikra* is die handleiding vir hoe om in die tabernakel, naamlik in die teenwoordigheid van YHVH, volgens Torah te leef. Gehoorsaamheid aan Torah is heiligmaking en is die offergawe wat ons vir YHVH bring!!

Maar wat vereis YHVH meer as enige iets anders? Is dit offerandes of gehoorsaamheid? Die antwoord is dat YHVH eerstens gehoorsaamheid vereis en dan offerandes wat volgens Torah gebring word.

Dit is die les wat Saul geleer het. Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat YHVH, ons Vader, gehoorsaamheid vereis en nie offerandes wat as goeie bedoelings na Hom as plassvervanger vir gehoorsaamheid gebring word nie.

Nadat Saul as koning gesalf is, het hy in opdrag van YHVH gegaan om die Amalekiete te verslaan. YHVH het duidelik aan Saul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Saul mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Saul alles met die banvloek moet tref (1 Sam. 15:1 tot 3). Na die oorwinning het Saul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1 Sam. 15:4 tot 9).

YHVH het toe deur die mond van Samuel vir Saul gekonfronteer met die woorde: *Waarom het jy dan nie na die stem van YHVH geluister nie en op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van YHVH?* (1 Sam. 15:19). Saul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan YHVH op Gilgal te bring. Hierop het Samuel vir Saul geantwoord:

Daarna sê Shemuél: Het Yahweh behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van Yahweh? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want rebelsheid is ‘n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van Yahweh verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. Toe sê Shaúl vir Shemuél: Ek het gesondig, omdat ek die bevel van Yahweh en u woorde oortree het, want ek was bevrees vir die manne en het na hulle geluister. 1 Sam. 15:22 en 24 (Woord en Getuienis)

Saul se goeie bedoelings met die offerande van dit wat YHVH met die banvloek getref het, het nie vergoed vir sy ongehoorsaamheid nie. Ongehoorsaamheid aan YHVH is sonde en bring oordeel. Inteendeel, weens Saul se ongehoorsaamheid was hy sy koningskap kwyt! YHVH, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is sonde wat gelykstaande is aan waarsêery en afgodery. So maklik kan ons ook met allerhande offerandes probeer om gehoorsaamheid te vermy!

Soos Saul is ons ook dikwels vir ons geliefdes en familie bevrees (1 Sam.15:26) en volg dan, teen ons beter wete, eerder die pad van ongehoorsaamheid. Ons kan nie vir Vader God iets in die plek van gehoorsaamheid aanbied nie. Indien ons moedswillig ons Vader se onderrig en instruksies (Sy Torah, die wet) oortree, is ons beste bedoelinge wat ons as offerande aanbied om nader aan YHVH te beweeg, nie goed genoeg nie! Ongehoorsaamheid is sonde, dit veroorsaak verwydering tussen YHVH en die mens en dit sal gestraf word.

Is ons nie ook dikwels besig om dinge wat Vader as ‘n banvloek beskou aan Hom te probeer offer nie? Dit wat met die banvloek getref is, is dit wat ons uit ons lewe moet verban. Dit moet vernietig en uitgeroei word en ons mag niks daarmee te doen hê nie!!

Die rede hoekom daar nie meer die offerandes soos in Levitikus beskryf word, gebring word nie, is nie omrede daar nie meer ‘n tempel is nie! Nee, dit is omrede Yeshua die eenmalige offer was! Die offers wat ons wel vandag bring word opgesom in die woorde van Paulus:

My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk[2] en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1 en 2 – PWL.

Uiteraard kan jy of ek nie onsself op die brandofferaltaar offer nie, maar ons kan wel onsself in totaliteit van gees, siel en liggaam aan YHVH beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer. Daarmee saam moet ons alle selfisme (die eie-ek) offer (kruisig) en die vernuwing van ons gedagtes, woorde en dade ondergaan sodat kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is en dit dan doen. Dit is wat ons dienswerk as ‘n koninklike priesterdom behels. Dit is ons offers tot heiligmaking (afgesonderdheid)!

Ons kan nie ons selfisme of enige iets van die wêreld wat deur YHVH met die banvloek getref is as offerande bring nie. Dit is ongehoorsaamheid!

En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie; Jy moet daar heeltemal `n afsku van hê en dit geheel en al as `n gruwel beskou; want dit is onder die banvloek. Deut. 7:26.

Talle tradisies en leerstellings van beide die Christendom en Rabbynse Judaïsme het ‘n heidense oorsprong. Wat is dit anders as om te vra: *Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen.* Hierdie is vreemde offers aan vreemde gode! Goeie bedoelings gaan nie maak dat YHVH dit nie meer as ‘n gruwel sal beskou nie! Indien YHVH sê dat iets ‘n gruwel is, dan is dit, en bly dit, ‘n gruwel.

In die hernieude verbond lees ons ook van die ander offers wat ons bring:

- Efes. 5:1 en 2 – ‘n liefdesoffer van aangename reuk.
- Fil. 2:17 – ‘n drankoffer. Die bereidwilligheid om te sterf vir die waarheid van die Evangelie.
- Heb. 13:15 en 16 – ‘n lofoffer van die vrug van die lippe wat Sy Naam bely, en ‘n offer van weldadigheid en mededeelsaamheid.

Ons kan egter slegs al hierdie offerandes verstaan in die lig van die doel en die betekenis van die verskillende offerandes soos in Levitikus beskryf word en hoe dit in Yeshua vervul is. Hy is die eenmalige offer (Joh. 1:29 en 36; Ef. 5:2; Heb. 7:27; Heb. 10:11 en 12; Jak. 1:14 en 15).

Bepeins of Bespreek

1. Omrede daar nie meer ‘n tempel is nie, en daar dus nie meer geoffer kan word nie, glo Rabbynse Judaïsme dat die bestudering van Torah en die daaglikse gebede die offerandes vervang het. In die Talmud is dit geskryf dat *one who occupies himself in study of the laws of the offerings is considered as if he brought them*. Hierdie siening word bevestig deur Rabbi Ari Enkin (Rabbynse Direkteur, United With Israel): *Study the laws of the sacrifices, and it is as if you had actually offered them! It’s like double points!* Is hierdie

siening versoenbaar met Torah of is dit die leerstelling van mense? Kan daar vergifnis van sonde wees sonder die bloed van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het?

2. Ons moet besef dat wanneer die derde tempel gebou gaan word, gaan daar offerandes gebring word deur ‘n priesterorde wat Yeshua as die eenmalige offer verwerp! Kan jy jou hiermee vereenselwig?

3. As gelowiges in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias, en as gelowiges wat Torah-gehoorsaam lewe, staan ons in die middel tussen die Christendom wat Torah verwerp en Rabbynse Judaïsme wat Yeshua verwerp! Dink aan die gevolge hiervan soos eindtyd gebeure ontvou!

4. Hoeveel seëninge is ons dalk kwyt weens vreemde offerandes wat gebring word in ongehoorsaamheid aan Torah? Het jy jouself hierdie vraag al gevra?

-o-o-o-o-o-o-o-

Shalom tot volgende keer!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.